



Die lig van die HERE se verbondswoord skyn helder in 'n donker wêreld

Teks vir die preek:

“U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig op my pad”.

Psalm 119:105

GJ Meijer

© by skrywer - 2011
www.christelikebiblioteek.co.za

Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 15:1, 2, 5
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 65:2, 5
5. Gebed
6. Skriflesing en teks: Psalm 119:15-112
7. Teks: Psalm 119:105
8. Preek
9. Sing Psalm 84:1, 2, 6
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 119:39, 40, 41
13. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

Psalm 119 is 'n verbondslid by uitnemendheid. God se oneindige verbondstrou skitter uit elke vers en elke strofe van die Psalm. Die klem val in besonder op die Here se verbondswet. Dit is asof die psalm nie uitgepraat en uitgesing kan raak oor die heerlijkheid van God se wet nie. Reg in die begin word die lied op 'n hoë noot ingesit: "Welgeluksalig is die opregtes van weg, wat in die wet van die Here wandel." Op dieselfde hoë noot sluit die lied af: vers 176 – "Ek het gedwaal soos 'n verlore skaap; soek u kneg, want u gebooie vergeet ek nie."

Verse 105-112 is onwrikbaar ingemessel tussen die aanhef en die slot. Dit adem dan ook dieselfde gees as die begin- en die slotverse. Ek bedien aan u **die lig van die HERE se verbondswoord wat helder skyn in 'n donker wêreld.**

Die aandag word gevestig op:

- 1. Die HERE se verbondsoordeel**
- 2. Die HERE se verbondsgenade**
- 3. Die HERE se verbondseise**

In die beryming van Psalm 119 sing ons:

"Heer, u woord is my 'n fakkelt wat sy ligglans voor my dra,
voor my voet die duisternisse van my lewenspad verja.
Ek het gesweer, deur u ontferming dit bevestig, dat ek my,
deur 'n wêreldnag omgewe deur dié ligglans wil laat lei."

Die "wêreldnag" waarvan ons in die beryming sing, kom nie in soveel woorde in die Psalm voor nie. Maar dit word wel daarin veronderstel. 'n Lamp sou tog nie vir die voet nodig wees, en 'n lig ook nie vir die pad, as dit oral helder sonskyn was nie. Die feit dat ons leefwêreld in duisternis gedompel is, maak dit noodsaaklik dat ons lig moet hê.

Die "donker" van die wêreldnag word dwarsdeur Psalm 119 met talle beelde toegelig. Ons bepaal ons by dit wat in verse 105 tot 112 geskrywe staan. Vers 107 is 'n belydenis: ek is diep neergedruk. Diep neergedruk wys op 'n gemoedstoestand van algehele verslaenheid. 'n Mens is met die grond gelyk gevee. Talle dinge kan tot so 'n toestand

van moedeloosheid en hopeloosheid aanleiding gee. Probleme by die werk, haakplekke in 'n verhouding, sorgte oor finansies, bekommernisse oor die kinders, woelinge in die gemoed, onafgehandelde sake waarvoor skynbaar geen oplossings kom nie. "Ek is diep neergedruk": dit maak die lewe donker. Donker in ons, donker om ons, donker by ons.

Maar luister verder, na vers 109. "My lewe is altyddeur in my hand." Ook dít maak die lewe donker. Die uitdrukking "my lewe is in my hand" is tipies Hebreus. Dit het die rigter Jefta ook gesê toe hy sy lewe gewaag het deur teen die heidense Ammoniete te gaan veg (Rigters 12:3). En dit word van Dawid gesê toe hy die stryd teen die Filistyne aangedurf het (1 Samuel 19:5). "My lewe is in my hand" beteken "ek is in lewensgevaar". Talle dinge in ons bestaan is lewensgevaarlik. Ernstige siekte, 'n ingrypende operasie, die dreiging van 'n biologiese oorlog, motorkapings, rowery, inbrake. Dit maak die lewe donker.

En vers 110: "Die goddelose het vir my 'n vangnet gespan." Nog 'n eg Hebreuse gesegde. Hierdie vangnet lei dalk nie tot fisiese lewensverlies nie, maar wel tot geestelike verlorenheid. Dit wys op versoekings in die lewe, aanvalle op jou persoon en integriteit. Jou geloofsekerheid word bevraagteken, aan die vaste basis waarop jy staan word gekarring. Wie sê God beheer alle dinge? Hoe kan jy so oortuig wees van jou ewige saligheid? Of op 'n ander vlak: kom deel in die pret van die wêreld. Klim uit die kas, en geniet van die lewe ...

Ek is diep neergedruk, my lewe is altyddeur in my hand, die goddelose het vir my 'n vangnet gespan – dit alles tesame en nog talle ander dinge wat daarby kom, maak deel uit van die wêreldnag.

Maar nou die belangrike vraag: hoekom is dit so? Van die begin af was die wêreld tog nie in duisternis weggesink nie? God het alles immers goed gemaak. Daar was lig! Die antwoord op hierdie vraag is bekend. Ons weet hoekom daar diepe duisternis op die wêreld toegesak het. Daarvoor is die mens verantwoordelik. Opstand teen God het gelei tot die uitbreek van God se regverdige verbondsoordeel. Die Here het in die paradys nie verniet gesê dat die mens sal sterf as hy van die boom van kennis van goed en van kwaad eet nie. Die mens hét geëet – en gesterf. Dit word direk na die sondeval duidelik. En dit word in Psalm 119 ook uitgespel

Diepe terneergedruktheid, fisiese en geestelike lewensgevaar is alles deel van God se regverdige oordeel oor sonde. God werp die gevalle mens in die donker wêreldnag omdat die mens welbewus teen die lig in opstand gekom het. Dit is belangrik dat ons dit sal raaksien. Die ellendes waarmee ons daaglik gekonfronteer word, is nie maar net die beloop van die lewe nie. Die vinger moet ook nie net na die duiwels gewys word omdat hulle kwansuis die bron van alle kwaad is nie. Net so min is dit reg om alles en almal om jou te blameer vir die probleme wat jy moet verduur. Tog is ons voortdurend geneig om dit te doen. Die regering, die ander kinders, my man, my vrou, die opposisie, die swak rand kry die skuld vir die moeilikheid in my lewe.

Psalm 119 leer ons anders. Begin by jouself. Ek, ellendige mens, ek moet medeverantwoordelikheid aanvaar vir die donker wêreldnag. Bes moontlik het vele ander ook 'n aandeel in die donker wat my omring. Maar laat ek stadig wees met vinger wys en by myself begin, by die aandeel wat ek daarin het. Dink na oor die regverdige verbondsoordeel van God wat in werking tree omdat ons sy verbond op sovele maniere oortree.

Wie op hierdie punt begin, mag getroos word deur God se **ryke verbondsgenade**.

U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad. Dit op sigself is reeds genade wat nie bereken kan word nie. Die troue Verbondsgod laat die gevalle mens nie in die donker wêreldnag voortploeter nie. Inteendeel, Hy maak bemoeienis met die mens. Dit het Adam en Eva in die paradys ervaar toe God hulle tot verantwoording geroep het. Genadiglik het God hulle nie agter die bosse in die tuin gelos nie, want dan was hulle vir ewig verlore.

Hy roep hulle. Hy praat met hulle. Weliswaar was God se woord in die paradys 'n streng woord, 'n bestraffende woord. Maar nietemin 'n verlossende woord. Die lig skyn in die donker.

So is elke woord wat God spreek 'n helder lig, vol genade. En hoeveel woorde spreek God nie! Die Skrif is in sy geheel woord van God. Verskillende terme word in Psalm 119 gebruik om die ryke skakerings van God se woord uit te lig. In verse 106 en 108 is daar sprake van God se regverdige verordeninge; dit is sy *regsuitsprake*. God laat geen onreg toe nie, want onreg lei tot ontbinding van lewe. God spreek reg – sodat gebrokenheid herstel kan word.

In vers 109 word verwys na die HERE se wet, sy Tora, sy gebooië. Die wet van die HERE is die duidelike *bakens* op ons lewenspad. Dié bakens gee 'n presiese aanduiding van wat reg en verkeerd is. Die wet beskerm ons teen verleidelike afdraai-paaie en dwaalweë. Die wet is die heilsame grenslyn van God se verbond. Binne die grenslyn van die wet is daar lewe saam met God. Buite daardie grenslyn sterf jy die dood. Jy is sonder God.

Vers 110 maak melding van God se *bevele*. Dwarsdeur die Skrif hoor ons God se bevele, wat Hy binne die raamwerk van sy verbondswet deurgee. Positiewe bevele, soos: wees altyddeur bly, bid sonder ophou, wees in alles dankbaar. Soms klink daar ook negatiewe bevele op: blus die Gees nie uit nie, verag die profesieë nie, onthou julle van elke vorm van kwaad, word toornig – maar moenie sondig nie. Alles heilsame opdragte van ons troue Verbondsgod.

En dan volg vers 111: God se *getuïenisse*. Letterlik: sy herinneringe, sy waarskuwings. Die verbondskark in die tempel was die ark van getuïenis (Eksodus 16:34). Daar is 'n goeie rede waarom die ark so genoem is. Die ark moes die volk gedurig herinner aan alles wat God in hulle geskiedenis gedoen het. Die kliptafels van die wet lê binne-in die ark, sodat Israel nooit die tien gebooië sal vergeet nie. Daarmee saam die kruik vol manna en die staf van Aäron wat geblom het; blywende tekens van God se versorgende liefde en wonderbaarlike reddingsdade. En so is die Skrifte vol van God se getuïenisse. Op elke bladsy van die Skrif word God se genade, sy eise, sy oordele bevestig. Ons moet sy getuïenisse oor en oor hoor, sodat dit onuitwisbaar op ons ingegraveer kan wees.

Vers 112 bevat die laaste term wat aandui hoe omvangryk en skitterend God se genadige verbondswoord is. Hier word verwys na die HERE se *insettinge*. Die Paasfees was vir Israel 'n Godgegewe insetting (Eksodus 12:14). Dit is nie die nietige mens wat Paasfees ingestel het nie, maar die almagtige God wat sy volk met 'n sterk hand uit Egipteland uitgelei het. Paasfees moet Israel laat onthou wie God is en wat God doen. Net so is doop en nagmaal insettinge van God om ons in ons geloof te versterk. Die huwelik is 'n insetting van God, sodat man en vrou in liefde vir mekaar tot eer van God kan saamleef. Die owerheid is 'n insetting van God om orde in die samelewing te skep en te handhaaf. Op elke terrein van die lewe kry ons met God se heilsame insettinge te doen.

God se woord, sy verordeninge, sy wet, sy bevele, sy getuïenisse, sy insettinge – dit alles saam is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad. Dit beteken: God laat ons nie in die

duister van sonde nie. Hy gee vir ons die helder lig van sy woord om die duister uit die lewe te verdryf. Die woord skyn in al sy skakerings in my lewe. Dit wys die regte koers noukeurig aan.

Let op hoe persoonlik dit in Psalm 119 besing word: *my voet, my pad*. Elke tree wat my voet elke dag moet gee, word verlig deur die ewige woord van God. Dit skyn hier by my, om my. Dit verjaag die donker van angs en onsekerheid en twyfel uit my lewe uit. En dit skyn op my lewenspad. Die woord van God maak presies duidelik wat ons te wagte kan en moet wees. Verlede, hede, toekoms – alles word daardeur verlig.

Hoe oneindig ryk is God se verbondsgenade in ons gebroke bestaan! Reeds in die Ou Testament mag dit uitgejubel word: “Ek het u getuïenisse vir ewig as erfdeel ontvang.” Inderdaad 'n onpeilbare ryk erfdeel; een wat nie vergelyk kan word met enige ander erfporisie wat 'n mens hier op aarde sou ontvang nie. Hoeveel ryker word die erfenis nie uitgespel as die volheid van die tyd aanbreek nie. Dan hoor ons die woorde van 'n man wat van God gestuur is. Sy naam is Johannes (Johannes 1). Johannes het tot 'n getuïenis gekom om van die Lig te getuig. Dit is dieselfde Lig as waarvan Psalm 119 sing. Die waaragtige lig wat elke mens verlig. Die Lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Dié Lig ken ons, en ons word deur Hom geken. Hy is die helder stralebaan wat deur die donker wolke geskiet het: Immanuel, die vors van Israel, die Lig vir alle volke.

In die kring van dié groot lig mag ons erediens hou, ons werk doen. Op sterkte van sy verlossingswerk mag ons die kop optel en in 'n donker wêreld koers vind. Sy naam: Jesus die Christus, ons Here wat op Golgota drie ure van helse duisternis deurgemaak het, om ons vir ewig in die lig van God se verbondsgenade te laat deel. Hy is dié Woord van God, dié Lamp vir my voet en dié Lig op my lewenspad. Hy is myne, en ek is syne. Om sy ontwil smaak ons genade op genade.

Ons sluit af. Hand aan hand saam met die ryke verbondsgenade loop **God se dwingende verbondseis**. Psalm 119 leer ons in duidelik verstaanbare terme hoe ons die lamp van God se woord in die donker wêreldnag moet hanteer. Ons word opgeroep om kragtens 'n eed wat ons elkeen sweer die verordeninge van die Here te onderhou (vers 106). Eed sweer en verordeninge onderhou is taal wat pas by aflegging van openbare

geloofsbelydenis. As ons ons geloof bely, beloof ons immers voor God dat ons in die lig van sy Woord sal leef.

Onskeidbaar daaraan verbonde klink die gebed van vers 107 op: “HERE, maak my lewend na u woord.” En vers 108: “HERE, leer my u verordeninge.” Hoe lewensnoodsaaklik is hierdie gebed nie! So dikwels lees ons Bybel sonder om rustig te oordink wat ons lees. So vinnig gebeur dit dat ons die wet van die HERE hoor, dit gaan by die een oor in en by die ander uit. So maklik dwaal die gedagtes. Terwyl die lig van Gods Woord helder voor ons skyn, loop ons steeds toe-oë in die moeilikheid in.

Bid sonder ophou, gemeente. Bid dat die Woord ons elkeen kragtig sal aanspreek, ons tot in ons fondament sal skud, ons daadwerklik lewend sal maak. Bid dat die Gees van God ons begerig sal maak om te hoor en al meer te wil hoor. Dan sal ons beleef waarvan Psalm 119 sing: Ons sal God se wet nie vergeet as die lewenddruk groot raak nie. Ons sal geen verskonings uitdink om weg te bly van geleenthede waar die Woord bedien word nie. Ons sal nie van die HERE se bevele afdwaal as die goddelose sy vangnet span nie. Intendeel: die kosbare woord van die HERE sal tot in die gryse ouderdom die vreugde van ons harte wees. Ons sal ons met ons hele wese daarop toelê om dit te bestudeer. Ons sal moeite maak om te luister en vol te word van die hemelse skatte.

Wie ore het om te hoor, laat hom hoor. En laat hom leef in die helder ligstraal van die Woord.

Amen.